# DIE TWEE STAATSHISTORICI OORLEDE: DR. J.H. BREYTENBACH EN KOL. DR. JAN PLOEGER

**F.A. van Jaarsveld**
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis,*
*Universiteit van Pretoria,*
*Pretoria, 0001*

Suid-Afrika het weinig staatshistorici gehad. In die Z.A. Republiek was daar o.a. G.A. Odé en dr. J.W.G. van Oordt, in die Kaap dr. G. McCall Theal en in die moderne tyd Gustav Preller sedert sy uittrede uit die koerantwêreld in 1936. Die Nasionale Party-regering wie se politieke stryd teen die Engelse element sterk op die historiese herinnering gesteun het, het groot waarde aan Afrikanergeskiedenis geheg, en in 'n soort ongeskrewe bondgenootskap met die historici verkeer. Volksfeeste en volksmonumente is begunstig, ook die geskiedskrywing.

In 1959 is min. M.C. de Wet Nel oorgehaal om die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog deur 'n staatshistorikus amptelik te boek te stel — 57 jaar ná die Vrede van Vereeniging, wat eintlik 'n laat poging was. Dr. J.H. Breytenbach is in 1959 in dié pos aangestel met die doel om die militêre aspek te behartig, terwyl dr. J.A. Mouton die omstrede konsentrasiekampgeskiedenis moes uitpluis. Na sy dood — hy het slegs navorsing gedoen en niks te boek gestel nie — is die afgetrede kol. dr. Jan Ploeger in 1973 aangewys om Mouton se taak voort te sit. Hy kon nie die nagelate uittreksels van Mouton benut nie, en het *de novo* begin om die burgerlike aspek van die Anglo-Boereoorlog te ontrafel, waarvan die konsentrasiekampe slegs 'n onderdeel was.

'n Staatskommissie van Toesig is oor die oorlogsgeskiedskrywing aangestel met die doel om te verseker dat 'n wye spektrum gedek, en objektiwiteit voorkeur sou geniet. Dr. G.D. Scholtz, genl. Hiemstra e.a., en skrywer hiervan, is as kommissie benoem wat die manuskripte voor publikasie moes lees en beoordeel. Dié taak is in die laat sestigerjare aan die Universiteit van Pretoria oorgedra, en sedert 1973 was skrywer hiervan die voorsitter van die Kommissie tot sy uittrede in 1985, waarop prof. J.S. Bergh die taak voortgesit het.

Die staat se bevordering van geskiedenis word ook weerspieël in die uitgawe van 'n Biografiese Woordeboekreeks, en met die koms van die RGN is vir 'n afdeling vir Geskiedenis voorsiening gemaak, o.a. 'n Instituut vir Geskiedenis, wat heelwat publikasies uitgebring het, 'n Instituut vir plaaslike geskiedenis met 'n tydskrif *Contree*, 'n Instituut vir Genealogie, en vir Heraldiek verbonde aan die Argief, én 'n Instituut vir Pleknaamkunde. Hierbenewens het die staat argiefstukke veral uit die Boereverlede gepubliseer, en die Argiefjaarboek wat vanaf 1938 dateer, voortgesit. Met die koms van 'n "nuwe" Suid-Afrika het die RGN se historiese afdelings verdwyn in die wete dat dit een of ander tyd deur 'n nuwe regering gesluit sou word, wat 'n terugslag vir geskiedenis was. Ook die poste van die twee staatshistorici het verdwyn. Die toeroep van regeringskant van 'n vaarwel aan die geskiedenis, is simptomaties van die verval van sowel die historiese bewussyn as die tradisionele Afrikanernasionalisme. Die twee staatshistorici is dood in die jaar van die beëindiging van blanke bestuur en die omskepping van die RSA in 'n Afrikastaat wat ánder waardes aan die geskiedenis het as wat die ou NP geheg het.

Die vraag is wie is die twee staatshistorici en wat het hulle benewens hul staatsopdrag op historiese terrein gepresteer?

**Dr. J.H. Breytenbach, 1917-1994**

Johan Hendrik Breytenbach is op 29 Oktober 1917 op die plaas Weltevreden, distrik Belfast gebore. Hy het die Wonderfonteinse laerskool besoek en in 1935 die martrikulasie aan die Hoërskool Middelburg geslaag. In 1938 het hy die B.A.-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal, sy M.A. in geskiedenis in 1941 aan die Universiteit van Suid-Afrika, en in 1944 die doktorsgraad o.l.v. H.B. Thom aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. In 1939 het Breytenbach sy loopbaan in die geskiedenis aan die Transvaalse Argiefbewaarplek begin, is na Kaapstad verplaas, maar in 1949 het hy na Pretoria teruggkeer. Hy is in 1948 aangestel as hoof van die bronnepublikasie-afdeling van die staatsargief, maar word in 1959 staatshistorikus wat sy lewensideaal vervul het, nl. om sy lewe aan 'n ondersoek van die Anglo-Boereoorlog te wy, en sy werk tot sy ontspanning te laat word tot met sy uittrede uit die argiefdiens, waarop hy tuis aan die sesde en laaste band geskryf het, wat tans vir publikasie in die argiefbewaarplek hopelik vir publikasie voorberei word.

Dr. Breytenbach is in 1942 met Theonita Coetzee getroud, 'n huwelik waaruit twee seuns en 'n dogter gebore is. Hy het op 3 Januarie 1994 die tydelike met die ewige verwissel. Die skrywer kon terugkyk op 'n vrugbare lewe van diens aan die geskiedenis. Sy loopbaan as staatshistorikus tel 2 715 bladsye, en as ongeveer 400 bladsye vir band ses bygereken word, 3 115.

Dr. Breytenbach het ook ander boeke gepubliseer. Sy M-dissertasie het oor *Andries Francois du Toit, sy aandeel in die Transvaalse geskiedenis* gehandel (*Argiefjaarboek*, 1942 II), en sy proefskrif, *Die Tweede Vryheidsoorlog* band I, *Voorspel tot die stryd*, het in 1948 die lig gesien, waarop band II, *Ontplooiing van die Boere-offensief* in 1949 gevolg het. In 1949 het Breytenbach 'n brosjure oor *Die betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog* in opdrag van die FAK uitgebring, en as redakteur gedien vir *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, waarvoor hy agt bydraes self gelewer het, 'n boek wat die vyftigjare bestaan van die oorlog in 1949 herdenk het. In 1950 het ook sy boek *Danie Theron* verskyn, die mins bevredigende van sy werk, en in 1954 *Geskiedenis van die Krugerstandbeeld*.

Ampshalwe het Breytenbach as hoof van die Argiefbewaarplek se bronnepublikasies, die *Notule van die Natalse Volksraad, 1838-1845* en tussen 1950 en 1956 nog ses bande *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844-1867* met bylaes uitgebring deur hóm geïnisieer, afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak, waardeur 'n groot diens aan die Afrikanerhistorici bewys is, wat destyds sterk op die verdwene Boererepubliek gekonsentreer het.

Sy werk as staatshistorikus beslaan vyf bande *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika*, wat tussen 1969 en 1983 verskyn het. Hierbenewens het hy talle artikels in tydskrifte soos *Huisgenoot, Fleur, Brandwag, Lantern* en *Suid-Afrikaanse Argiefblad* gepubliseer. Ook het hy 'n rubriek "Uit ons Verlede" vir *Die Afrikaner*, die lyfblad van die HNP behartig, wat op 2 Junie 1982 sy lewensverhaal opgeneem het. Dit toon dat die skrywer aan die regterkant van die politieke spektrum standpunt ingeneem het. Ook het hy artikels oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot die *Historische Winkler Prins* en die *Grote Winkler Prins* bygedra, en hom teenoor my bekla dat lg. etlike van sy bydraes "in 'n gruwelik verdraaide vorm" gepubliseer het om by hul "negrofilistiese denke" aan te pas.

Tot met sy staatshistoriese publikasies oor die Anglo-Boereoorlog, vind 'n mens sterk subjektiewe trekke, want Breytenbach was 'n gevoelsmens, wat geglo het geskiedenis is soos die kunsmis wat die volksboom laat groei, en wat die Afrikanersaak en nasionalisme moet dien. (Vgl. my *Lewende Verlede*, pp. 113-121.) Die motivering vir sy lewenstaak, nl. genoemde oorlog, was dat hy in 'n huis grootgeword het, waaroor tydens sy kinderjare baie oor die oorlog gepraat is, 'n oorlog waaraan sy vader deelgeneem, gevang en na Bermuda verban was. Hy wou graag die waarheid op "onbevange wyse" daarstel, waarin hy slegs gedeeltelik geslaag het.

**Kol. dr. Jan Ploeger, 1913-1994**

Jan Ploeger is op 18 Februarie 1913 in Nederland, Noordbroek in die provinsie Groningen gebore waar hy van 1925 tot 1928 aan die Rijks Hogere Burgerschool studeer en hom van 1928 tot 1932 voltyds en van 1932 tot 1934 deeltyds aan die Rijkskweekschool voor Onderwijzers bekwaam om geskiedenis op skool te onderrig. In 1936 emigreer hy na Suid-Afrika, skryf hom in by die Universiteit van Pretoria en behaal in 1937 die B.A. met hoofvakke Afrikaans, Afrikaans-Nederlandse Kultuurgeskiedenis en Geskiedenis (met lof). In 1940 verwerf hy die M.A.-graad in Geskiedenis (onderskeiding) met 'n dissertasie oor *Ulrich Gerhard Lauts (1787-1865), die skakel tussen Nederland en die Voortrekkers* wat in 1940 in *Historiese Studies* gepubliseer word. In 1943 verwerf hy die M.Ed.-graad op grond van 'n verhandeling oor die oorsprong en die grondbeginsels van die C.N.O. In 1945 word die D.Phil.-graad aan hom toegeken vir sy proefskrif *Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt, 1881-1900* gepubliseer in die *Argiefjaarboek* 1952.

Ploeger het in Nederland as laerskoolonderwyser diens gelewer en sy loopbaan in sy aangenome vaderland in 1938 begin, toe hy een semester as tydelike lektor in die Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria opgetree het; in 1939 tree hy in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement en gee sekondêre onderrig aan die Rustenburgse en Nylstroomse hoërskole. Van 1941 tot 1946 dien hy as tydelike lektor in Geskiedenis en Nederlandse kultuurgeskiedenis aan genoemde Universiteit waar ek as eerstejaar in sy klas was, en tree daarna as joernalis by die *Volkstem* op; in 1950 keer hy terug tot die onderwys en lewer vier jaar lank diens aan die Pretoriase "High School for Boys", waarna sewe jaar volg aan die "Hill View High School" met Afrikaans en Geskiedenis as vakke. In 1962 word dr. Ploeger na die Departement Werke gesekondeer en skryf die geskiedenis van "Over-Vaal", die administrateurswoning.

In 1964 aanvaar hy diens by die Departement Verdediging se Dokumentasiesentrum en word kolonel. In 1973 het hy op 60 jarige ouderdom afgetree, maar aanvaar in dieselfde jaar 'n aanstelling as staatshistorikus met opdrag om die ervaringe van die gewone mens tydens die Tweede Vryheidsoorlog te boek te stel, 'n projek wat hy met ywer, entoesiasme en harde werk suksesvol afgehandel het. In 1990 het die eerste vyf bande onder die titel, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, in vlakdruk verskyn, uitgegee deur die Departement Nasionale Opvoeding se Staatsargief- en Heraldiekdiens — 'n monumentale werk waarvan die resterende vyf dele hopelik nog sal verskyn.

Die reeks bied 'n oorsig van die invloed wat die oorlog op burgerlikes gehad het, vanaf die voorspel tot die uitbreek van die oorlog, en tot die terugkeer van blankes na hulle plase ná die Vrede van Vereeniging. Die konsentrasiekampstelsel, ook dié vir swartes en hulle posisie gedurende die oorlog word ondersoek. Die boek bied dus 'n breër opset as net die kampe aan en bring baie onbekende feite aan die lig. Anders as dr. Breytenbach wat 'n gevoelsmens was, was Ploeger die koel, beredeneerde verstandsmens wat saaklik en op die punt af, soms byna kroniekagtig vertellend geskryf het veral insoverre hy klein temas uitpluis — 'n tipiese kenmerk van die Nederlandse werkwyse. Hy was naas Engels ook Frans en Duits magtig, wyd belese en het in suiwer Afrikaans geskryf.

Hoewel Ploeger "gewone" geskiedenis geskryf het, het hy ook militêre geskiedenis behandel, trouens hy het die amptelike militêre geskiedskrywing in die S.A. Weermag begin en *Militaria* gegrondves, waarvoor hy as eerste redakteur opgetree het, 'n tydskrif wat vandag nog bestaan. Sy groot bydrae lê egter op die gebied van die kultuurgeskiedenis wat genealogie insluit. Voor sy dood het hy in verband met die oprigting van 'n gedenkteken by die Ou Tremloods in Pretoria vir die Nederlandse bydrae tot die opbou van Transvaal, die genealogie verryk met gegewens oor sowat 4 000 Nederlandse immigrante wat in boekvorm verskyn het, op grond waarvan hy die Du Toit-Malherbeprys vir Genealogie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang het, nadat die Akademie hom in 1985 reeds vereer het met 'n erepenning vir kultuurgeskiedenis.

Die skrywer se liefde vir kultuurgeskiedenis het in Groningen ontstaan waar die gesin gewoon het in 'n gebied wat van die see herwin is. Daarin is kleipotte gevind wat uit die 7e eeu v.C. dateer; ook die nabyheid van 'n vroeg 14e-eeuse Romaans-Gotiese dorpskerk het sy belangstelling geprikkel. In Suid-Afrika het proff. S.P. Engelbrecht, I.D. Bosman en M. Bokhorst sy aandag op die betrekkinge tussen Nederland en sy nuwe vaderland gevestig, en het kultuurhistoriese verhoudinge in die tydperk van die Groot Trek tot ongeveer 1910 met Transvaal as swaartepunt, 'n nuwe veld vir sy ondersoek geword.

Namate hy ouer geword het, het hy dit as sy vernaamste taak gesien om kort, maar deeglik gefundeerde populêr-wetenskaplike bydraes oor kultuurhistoriese temas te publiseer met die oog op verspreiding van kennis wat die gewone mens die idee moes bybring dat geskiedenis die grondslag van 'n doelgerigte volksbestaan vorm — veral in 'n tyd waarin die historiese besef aan die taan was. Ploeger is oortuig dat die historikus kultuurgeskiedenis as 'n noodsaaklike opleidingsrigting moet beskou omdat dit sy veld van ondersoek verbreed en hom voeling met sy lesers laat behou. Geskiedenis mag nie in 'n ivoortoring beoefen word nie, maar moet die massas bereik waartoe tydskrifte 'n belangrike bydrae lewer.

Dr. Ploeger het 'n enorme wye terrein op die gebied van die kultuurgeskiedenis in 'n ewe wye reeks tydskrifte bestryk — om byvoorbeeld aan *Historia, Militaria, Africana-aantekeninge en Nuus, Zuid-Afrika* en *Nieuws uit Zuid-Afrika* te dink. Met sy aankoms in Transvaal het hy hom geïnteresseer vir die leefwyse en bydrae van die vroeë Nederlandse immigrante tot die Afrikaner se kultuur. Hy het sowat 4 000 items uit sy geskrifte aan die Letterkundige Museum geskenk. Naas sy genoemde dissertasies het hy in 1943 'n boekie oor *Prins Willem van Oranje, vader van die Nederlandse Vryheid* uitgebring, Paul Kruger se *Gedenkskrifte* in 1947 in Afrikaans geherpubliseer, en in dieselfde jaar bydraes oor o.a. Nederlandse figure soos E.J.P. Jorissen, U.G. Lauts, N. Mansvelt, D. Postma, Erasmus Smit, Jacobus Stuart, D. van der Hoff en G. Beelaerts van Blokland vir 'n boek, *Suid-Afrikaanse Heldegalery*, gelewer. Saam met dr. Anna Smith was hy redakteur van 'n *Plate-atlas van die Geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika* (1949) en skryf in 1960 die *Geskiedenis van die uitgewery Wallachs Beperk, 1873-1960* met die Volkstem as sentrum. In 1963 volg *Over-Vaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, wat in opdrag van die Transvaalse Provinsiale Administrasie gepubliseer is.

Dr. Ploeger het in die besture van talle kulturele organisasies diens gelewer, o.a. ook as redakteur van die *Bulletin* van die Stigting Simon van der Stel opgetree, en in talle ander redaksies gedien. Hy was lid van die S.A. Raad van Oorlogsgrafte en lid van die Stigting Jan van Riebeeck van wie hy in 1974 die Van Riebeeck-medalje, beskikbaar gestel deur die N.Z.A.V., ontvang het, en in 1975 'n silwerpenning van die Stigting Simon van der Stel. Hy het in 1962 lid geword van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden en in 1966 volle lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns op grond van sy "belangrike werk aan die uitbouing van die Afrikanersaak". Hy was lid van die Historisch Genootschap te Utrecht en erelid van die Genootskap Oud-Pretoria vir wie se *Pretoriana* hy ook as redakteur opgetree het.

Tiperend van sy werk was die handhawing van objektiwiteit en 'n gesonde historiese oordeel. Op 21 September 1985 het dr. Ploeger aan my geskryf: "Objektiwiteit het my sielerus gegee en my terselfdertyd aangespoor om mites en legendes en bestaande misvattings te ontsenu, om op dié wyse so naby as moontlik te kom aan dié destydse werklikheid ... Niemand van ons, as sterwelinge, kan in die diepte van sy hart en gemoed onbetrokke wees of voel nie, maar om die resultate van so 'n geesteswerking bewus of onbewus op die leser af te druk, sou beslis verkeerd wees. Gee die feite onbevange, onbetrokke en laat die leser — wat oor al die feite beskik — dan tot sy eie, finale beeldvorming kom."

Dit is moeilik om 'n oorsig van Ploeger se tydskrifpublikasies te gee — daar bestaan nagenoeg 'n duisend of meer artikels, wat minder opsigtelik as boeke is. Hy was 'n soeker en student totdat

die dood hom op 13 Februarie 1994 weggeneem het. In 1941 is Ploeger met Aaltje Muncenga getroud, 'n huwelik waaruit 'n seun gebore is. Die historiese wetenskap is dank verskudig aan dr. Ploeger vir sy enorme bydrae tot ons kennis van die Suid-Afrikaanse verlede.